# HOOFSTUK 4

# GEANALISEERDE DATA: BEVINDINGE VAN RESPONDENTE NA GLOBALE ANALISERING VAN GETRANSKRIBEERDE, ONVERWERKTE DATA

## 4.1 INLEIDING

Die inhoud van hierdie hoofstuk is die eindresultaat van die inligting, verkry deur middel van onderhoudvoering gedurende Junie en Julie van 2006, en is dus 'n weergawe van die interpretasie van regsreëls wat gedurende Junie / Julie 2006 van krag was. Indien daar enige wysigings was ten opsigte van die regsreëls sedert Junie / Julie 2006, tot en met die finalisering van Hoofstuk 5 gedurende September 2007, sal die wysigings in Hoofstuk 5 vermeld en aangetoon word. Sien ook afdeling 3.1 (hoofstuk 3) vir bespreking van wysiging ten opsigte van regsreëls. Die vraelyste vir die semi-gestruktureerde onderhoude word na hoofstuk 5 as Addendum B aangebied.

Die getranskribeerde onverwerkte data, wat ingesamel is deur middel van die semi-gestruktreerde onderhoude met die gekose respondente, word geanaliseer deur gebruik te maak van die globale analiseringsmetode. Globale analise behels dat die getranskribeerde data holisties en intensief gelees word met die doel om betekenisvolle temas uit te lig. Die onverwerkte data word dan georganiseer volgens hierdie betekenisvolle temas. Die geanaliseerde data, ingedeel volgens betekenisvolle temas, word in hierdie hoofstuk weergegee. Die hoofstuk is dus 'n aanbieding van die bevindinge van respondente tydens die onderhoude na globale analisering van die getranskribeerde, onverwerkte data.

**Die teks wat hierna volg, is aan elke respondent voorgelê vir moontlike wysigings indien die betrokke respondent nie sou saamstem dat die inhoud van die teks 'n getroue weergawe van die betrokke respondent se response is nie. Op hierdie manier is optimale geloofwaardigheid en betroubaarheid verseker ten opsigte van die inhoud van die teks.**

## 4.2 TREITERING EN WETGEWING

Suid-Afrika beskik nie oor treitering-spesifieke wetgewing nie. Die Suid-Afrikaanse reg-stelsel beskik ook nie oor ‘n regsdefinisie met betrekking tot treitering nie. Volgens respondent A is die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor ‘n regsdefinisie van treitering en treitering-spesifieke wetgewing beskik nie, nie ‘n leemte nie, want treitering is nie ‘n regsbegrip nie. ‘n Mens moet nie ‘n spesiale misdaad skep met die naam van treitering nie. Dit wat ons verstaan onder treitering kan ook tuisgebring word onder bestaande regsbegrippe.

Respondent B beskou die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor ‘n treitering-definisie beskik nie, asook die feit dat Suid-Afrika nie treitering-spesifieke wetgewing het nie, as ‘n leemte weens die feit dat daar tipes treitering is wat in hierdie studie geïdentifiseer is, wat nie tuisgebring kan word onder bestaande strafregtelike begrippe nie. Respondent B meld ook dat dit ‘n leemte is dat treitering nie in die Suid-Afrikaanse reg as ‘n misdaad beskou word nie.

Respondent C en respondent A huldig dieselfde sienings en beskou nie die feit dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie oor ‘n treiteringdefinisie en treitering-spesifieke wetgewing beskik noodwendig as leemtes nie, want die meeste tipes treitering kan deur die strafreg en die deliktereg gedek word. Volgens respondent C is dit ‘n probleem om treitering-spesifieke wetgewing te bewoord en te implementeer weens die kompleksiteit van die begrip. Volgens respondent C sal die persoon wat treitering moet definieer oor die wysheid van ‘n Salomo moet beskik. Daar sal ‘n lang proses van regsontwikkeling moet plaasvind voordat ons daardie punt sal bereik dat ons genoeg duidelikheid en wysheid het om treitering-spesifieke wetgewing te oorweeg. Die feit dat daar probleme is met die opstel van treitering-spesifieke wetgewing is as gevolg van die kompleksiteit daarvan. Daar moet ook gewaak word om nie wetgewing af te dwing en so ‘n onreg te skep nie. Wetgewing moet ook toepaslik en aanvaarbaar wees vir die breë gemeenskap anders sal sodanige wetgewing irrelevant wees en slegs stof vergader. Respondent C meld ook die rol wat nie-spesifieke treiteringwetgewing kan speel by die hantering van treitering, byvoorbeeld die Skolewet wat die skoolbeheerraad verplig om ‘n gedragskode te ont-wikkel en die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000, wat ‘n groot rol kan speel by die hantering van byvoorbeeld rasgedrewe treitering.

Respondent C lê veral klem op die rol wat die gedragskode kan speel by die hantering van treitering in 'n skool. Respondent C stel voor dat sanksies vir die verskillende tipes treitering in die gedragskode geïnkorporeer moet word (met insette van die ouers, leerders en personeel) en dat daar dissiplinêr deur middel van die gedragskode teen treitering opgetree sal word. Dit voorkom of verhoed die stigma van 'n strafregtelike oortreding en verhoed dat leerders gekriminaliseer word.

Respondent D beskou die feit dat daar nie treitering-spesifieke wetgewing in Suid-Afrika bestaan nie en ook nie 'n regsdefinisie ten opsigte van treitering bestaan nie, nie as 'n leemte vir die hantering van regsaksie ten opsigte van treitering nie – hy sê dit is eintlik maklik om dit te verklaar. Volgens respondent D kan 'n groot aantal aksies treitering daarstel, maar dit kan byvoorbeeld hanteer word onder aanranding, *crimen injuria*, saakbeskadiging of onder intimidasie. Dit wil sê daar is eintlik 'n goeie regsrespons ten opsigte van treitering. Volgens hom is dit dus nie nodig om 'n nuwe misdryf van aanranding te skep nie – die regskonsepte om dit te hanteer bestaan mos alreeds.

Respondent E glo ook dat Suid-Afrika nie treitering-spesifieke wetgewing benodig nie, want alhoewel daar baie vorme van treitering is, kan dit onder bestaande regskonsepte hanteer word.

Respondent G meld dat daar in beginsel na hierdie saak gekyk moet word en dat daar nie sonder meer aanvaar moet word dat treitering-spesifieke wetgewing nie nodig is nie. Nuwe wetgewing word gemaak as die probleem nie op 'n ander manier as deur middel van nuwe wetgewing hanteer kan word nie. 'n Situasie kan dus 'n afsnypunt bereik waar besluit word dat die enigste uitweg treitering-spesifieke wetgewing is. Navorsing moet gedoen word wanneer treitering-spesifieke wetgewing oorweeg word – statistiese gegewens is ook onontbeerlik en moet 'n deel vorm van die navorsing. Die volgende vrae behoort gedurende die navorsingsproses gevra te word:

- Hoe ernstig is die treitering?
- Hoe diep en hoe wyd strek die treiteringprobleem?
- Watter sanksies kan teen die boelie ingestel word?

- Hoe effektief hanteer die bestaande regsreëls die treitering?

- Is die probleem ‘n regsprobleem of is dit ‘n opvoedkundige probleem?

- Beskik die skool en opvoeders oor genoegsame mag en outoriteit om die treiteringprobleem te hanteer?

- In watter mate is die skool versigtig dat hulle die boelie se regte sal aantas as hulle optree?

Volgens respondent G moet die probleem dus globaal bekyk word voordat besluit kan word dat treitering-spesifieke wetgewing nie nodig is nie of dat treitering-spesifieke wetgewing dalk eerder meer probleme sal skep as wat dit sal oplos.

Respondent G is van mening dat die bestaande regsreëls ten opsigte van treitering in Suid-Afrika nie genoegsaam is nie, want hy kry die indruk dat die treiteringprobleem besig is om toe te neem. Suid-Afrika mag dalk die punt bereik dat wetgewing ten opsigte van treitering wel nodig blyk te wees alhoewel dit nie noodwendig afsonderlike wetgewing hoef te wees nie. Dit is dalk moontlik om die Skolewet uit te brei of nuwe wetgewing te formuleer in terme van die Skolewet.

Volgens respondent G is ‘n omskrywende regsdefinisie van treitering ‘n onontbeerlike deel van treiteringwetgewing – die fenomeen treitering moet dus eerstens breedvoerig omskryf word voordat wetgewing gemaak kan word. ‘n Treiteringdefinisie hoef nie noodwendig slegs ‘n omskrywing te wees nie, dit kan ook ‘n lys van handelinge wees van wat treitering insluit (Hierdie spesifieke navorsing kan ‘n groot bydrae lewer op die gebied). Volgens respondent G kan so ‘n treiteringdefinisie moontlik oorvleuel met die strafreg en die deliktereg – iets waarvoor regsgeleerdes skerm, want hulle wil nie sulke oorvleuelings hê nie. ‘n Lys kan ook nie alle moontlikhede dek nie – ‘n mens moet egter nie so puristies wees nie, as byvoorbeeld 90% deur die lys gedek word, is al baie vermag, want wetgewing is ook die kuns van die moontlike.

Volgens respondent G kan die nie-spesifieke treiteringwetgewing wat in die regsraamwerk (hoofstuk 3) en in die onderhoude geïdentifiseer is, in ‘n mindere of ‘n meerdere

mate van toepassing wees op die hantering van treitering. Hy gebruik die volgende voorbeelde om die sydelingse of groter toepaslikheid van hierdie wetgewing te illustreer:

- ‘n Sestienjarige boelie verskyn in die hof omdat hy ‘n jonger kind aangerand het. Ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977 word hy voor die hof gebring en die hof hanteer dit daarvolgens. Aangesien die boelie minderjarig is, besluit die hof dat gevangenisstraf nie wenslik is nie, maar dat ‘n ander reëling getref moet word. Die Strafproseswet en die Wet op Kindersorg is hier toepaslik ten opsigte van die hantering van die minderjarige boelie, vir wie ‘n ander reëling in plaas van gevangenisstraf getref moet word.

- In die geval van ‘n aggressiewe boelie, wat sy pa se wapen skool toe bring om ‘n slagoffer af te dreig, kan die Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 van toepassing wees aangesien die boelie die doel gehad het om die wapen vir ‘n onregmatige doel aan te wend. Die boelie kan in hierdie geval aan ‘n misdryf skuldig bevind word.

- Seksuele teistering (wat nie in die Suid-Afrikaanse reg as ‘n misdaad beskou word nie) en wat ook ‘n vorm van treitering is, sal ressorteer onder die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act. Volgens hierdie wet mag geen persoon ‘n ander persoon onderwerp aan teistering nie. Onbillike diskriminasie op grond van geslag sluit hierby aan en word ook verbied. Die wet verbied ook onbillike diskriminasie op grond van ras, met ander woorde rasgedrewe treitering sal ook onder hierdie wet ressorteer. Die wet maak voorsiening vir gelykheidshowe. Die wet skep nie ‘n misdryf nie. Indien ‘n saak voor die hof gebring word, sal dit ‘n siviele aksie wees. Veelseggend is die feit dat skadevergoeding ook in terme van hierdie wet geëis kan word wat weer in die toekoms daartoe kan lei dat skadevergoeding vir die skending van fundamentele regte, al hoe meer ter sprake kan kom.

## 4.3 TREITERING EN FUNDAMENTELE REGTE

Uit die literatuur, ten opsigte van treitering met betrekking tot die reg, blyk dit dat treitering gewoonlik in die hof as ‘n strafregtelike oortreding of as ‘n delik hanteer word

en nie as grondwetlike regskending nie. Geen saak kon in die literatuur gevind word waar treitering as grondwetlike regskending hanteer is nie. Respondent D verklaar dit deur te sê dat fundamentele regskending tegelykertyd 'n delik kan wees en ook 'n misdaad. 'n "Grondwetlike delik" word gewoonlik as 'n delik hanteer en nie as grondwetlike regskending nie, want die basiese remedie ingevolge die bekende bestaande deliktereg is voldoende – dus is dit nie nodig om nog ekstra vergoeding vir die grondwetlike regskending toe te ken nie. Dit is huidig die siening van die howe. Hy verduidelik hierdie siening van die howe nog verder deur te sê die Grondwet is eintlik die "reg van die reg", die vereistes waaraan die reg moet voldoen, ook die deliktereg – die Grondwet kan dus 'n invloed hê dat die deliktereg so ontwikkel dat hy in meer gevalle van toepassing kan wees. Dit geld ook in gevalle van treitering waarvoor die deliktereg nie voorsiening maak nie en waar tans nie 'n eis ingestel kan word nie. Die deliktereg moet dus nog verder ontwikkel om daarvoor voorsiening te maak, om dus aan die eise van die Grondwet te voldoen. Respondent E spreek haar ten sterkste uit ten opsigte van die feit dat daar in die geval van deliktuele skadevergoeding noodwendig geen konstitusionele skadevergoeding ter sprake kan wees nie, veral waar daar 'n delik ter sprake is, en ook fundamentele regte geskend is as gevolg van treitering. Sy verwys na die hofsaak *Van Zyl v Hoogenhout* 2004 JOL 12998 (HHA) om haar standpunt te illustreer:

- Van Zyl is herhaaldelik seksueel mishandel deur 'n gesinsvriend, Hoogenhout, vir 'n tydperk van vier jaar, maar eers op die ouderdom van ongeveer 50 jaar het sy besef dat sy die slagoffer is en nie die skuldenaar nie. Hoogenhout het haar laat verstaan dat sy vir alles verantwoordelik is en dat sy die skuldige is.

- Soos die sielkunde ontwikkel het, het ons bewus geword dat slagoffers van seksuele mishandeling hulle na herhaalde mishandeling verplaas uit daardie omstandighede – dit lei daartoe dat hulle na 'n lang tydperk eers besef dat dit nie hulle skuld is nie.

- Aan Van Zyl is slegs deliktuele skadevergoeding toegeken. Sy is nie vergoed vir haar grondwetlike regte wat geskend is nie. Sy is as skooldogter beswanger, sy moes 'n aborsie kry, sy het verhoudingsprobleme ondervind – haar mees basiese mensereg naamlik "menswaardigheid" is haar ontneem.

- Daar sou betoog kan word dat die toekenning van grondwetlike skadevergoeding in so ‘n geval op die erkenning van grondwetlike regte sou neerkom.

Volgens respondent E behels treitering op skool eintlik die skending van fundamentele regte en persoonlikheidsregte van leerders. Kinders se regte word in ‘n ernstige mate geskend tydens treitering – veral in sekere ernstige gevalle van treitering wat ook in Suid-Afrika plaasvind. In die grootmenswêreld vergestalt dit in naamskending, aanranding, laster ensovoorts. Skole behoort die Handves as basis te gebruik om waardes aan leerders te leer om ‘n menseregtekultuur in skole te vestig. Alhoewel ons kinders eers vanaf veertien jaar deliktueel aanspreeklik gehou kan word, moet ons hulle al vanaf sewe jaar grondwetlike waardes leer – dit is die basis.

Respondent C meld dat volgens artikel 9(4) van die Grondwet moet wetgewing uitgevaardig word om onbillike diskriminasie te verbied en te voorkom. Die Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act het gevolg gegee aan hierdie voorskrif in die Handves. Volgens respondent C kan hierdie wetgewing ‘n belangrike rol speel ten opsigte van treitering veral met betrekking tot rasgedrewe treitering.

In die lig van bogenoemde en die beperkte remedies wat beskikbaar is wanneer treitering ‘n slagoffer se reg of regte skend, verwys respondent G na artikel 8 (subartikel 3) van die Grondwet waar gemeld word dat die gemenereg, bedoelende die deliktereg, ontwikkel moet word om gevolg te gee aan die Handves. In soverre die deliktereg dit nie doen nie, moet die deliktereg ontwikkel word. Die howe moet dus in hul uitsprake gevolg gee aan die Handves.

Volgens respondent G sal ons wel ‘n punt bereik waar die howe wel skadevergoeding gaan toestaan vir die skending van menseregte. Daardie ontwikkeling sal wel kom. Behalwe vir die instelling van ‘n interdik of die uitbetaling van skadevergoeding as remedies vir die skending van menseregte, is daar ook ander moontlikhede, ook binne die onderwysverband. Waar ‘n boelie ‘n slagoffer se reg of regte skend, kan die hof byvoorbeeld beslis dat die twee nie meer in dieselfde klas moet wees nie. Indien die slagoffer skolastiese skade of opvoedkundige skade gely het en sy reg tot onderwys dus geskaad is, kan beslis word dat die slagoffer byvoorbeeld ekstra aandag of spesiale hulp

in die skool moet kry in 'n poging om die skade te herstel. Daar is dus ook moontlikhede van ander remedies wat gebruik kan word.

Respondent G glo dat 'n ouer van 'n slagoffer van 'n boelie (ten spyte van die beperkte remedies vir die skending van menseregte) wat sterk voel dat sy kind se regte deur treitering geskaad is, op daardie gronde moet hof toe gaan. Die ouer kan ook in die alternatief aansoek doen, deur aansoek te doen op grond van die deliktereg en skade-vergoeding te eis, maar ook te vra dat daar 'n bevel gemaak moet word oor die ongrondwetlikheid van die boelie se optrede.

Respondent G glo dat die vestiging van 'n menseregtekultuur en 'n positiewe waarde-sisteem in ons skole 'n belangrike rol kan speel in die bekamping van treitering. Volgens respondent G word daar in ons land te veel klem geplaas op individue se regte en te min klem op respek vir regte. Boelies het met ander woorde nie respek vir die regte van die slagoffer nie. Onderliggend aan die effektiewe afdwing en uitlewing van menseregte is 'n positiewe waardesisteem. Volgens artikel 1 van die Grondwet is die onderliggende waardes van die Grondwet en dus ook van die Handves die volgende: menswaardig-heid; gelykheid en vryheid. Respondent G is ook oortuig dat die vestiging van hierdie waardes noodsaaklik is in die voorkoming en bekamping van treitering. In die post-moderne tyd word daar groot klem geplaas op die self (oordrewe beklemtoning van die self en selfverwesenliking). Hierdie selfgesentreerdheid word 'n waarde wat meewerk dat ons nie respek het vir ander en hul regte nie. Hierdie selfgesentreerdheid vorm ook deel van ons skole se waardesisteem en leerders het dus ook min respek vir ander en ander se regte – dus 'n humanistiese waardesisteem waar dit gaan oor die self.

Respondent G stem saam dat die volgende fundamentele regte wat in die studie geïdentifiseer is regte is wat deur treitering geskend kan word afhangende van die treiteringsituasie. Die regte is die volgende: reg op lewe; reg op menswaardigheid; die reg op gelykheid; reg op vryheid van uitdrukking; reg op privaatheid; reg op vryheid en sekerheid van die persoon; bykomende kinderregte; die reg op onderwys. Respondent G voeg die reg op assosiasie by, veral met betrekking tot sosiale treitering waar die boelie dit ten doel het om die slagoffer uit te sluit uit 'n bepaalde groep. By die skending van fundamentele regte is dit belangrik vir optrede en hantering om te bepaal hoe ernstig die skending of treitering is.

Respondent G sonder die volgende twee regte uit as die twee regte wat die meeste deur treitering geskend word: die reg op vryheid en sekerheid van die persoon asook die reg op menswaardigheid. Wat betref die reg op vryheid en sekerheid van die persoon sonder hy die volgende uit:

- Om vry te wees van alle vorme van geweld, van openbare, maar ook private oorsprong.

- Op geen wyse gemartel te word nie.

- Nie op ‘n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie, deur wie ookal.

- Baie vorme van treitering kan onder die reg op vryheid en sekerheid van die persoon tuisgebring word.

- Wanneer die reg op vryheid en sekerheid van die persoon deur treitering geskend word, kan die skade beide fisies en psigologies van aard wees.

Wat remedies betref, word daar baie keer opgemerk dat waar ‘n individu se reg (regte) in ‘n sekere situasie geskend is, dit onseker is wat hy presies uit die feit dat sy regte geskend is, haal. In die geval van treitering kan die hof wel ‘n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby die slagoffer te kom en dus nie sy reg(te) verder kan skend nie. Die interdik kan dus wel ‘n rol speel by die afdwing van menseregte met betrekking tot treitering. Die vraag wat volgens respondent G hieruit voortspruit is of die toekenning van skadevergoeding vir die skending van grondwetlike regte bygevoeg behoort te word soos hierbo reeds na verwys is.

## 4.4 DIE VERBAND TUSSEN TREITERING EN DIE STRAFREG

### 4.4.1 Treitering as misdaad

#### 4.4.1.1 Inleiding

Volgens respondente A, B en C is treitering op sigself nie ‘n misdaad nie, treitering is nie ‘n regsbegrip nie, maar sekere treiteringaksies (handelinge) kan as misdaad kwalifiseer. Genoemde respondente identifiseer die volgende misdade as misdade waaronder treiteringhandelinge tuisgebring of moontlik tuisgebring kan word:

#### 4.4.1.2 Aanranding

In die Suid-Afrikaanse regstelsel bestaan die misdaad “aanranding” nie net uit die daadwerklike, fisiese leed aan iemand anders nie, byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer skop. Aanranding kan ook beteken dat die boelie die slagoffer laat glo dat fisiese leed hom onmiddellik toegevoeg gaan word byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer dreig dat hy hom fisiese leed gaan aandoen. Aanranding kan dus ook ‘n dreigement insluit. Die begrip “aanranding” as dreigement is baie breed (respondent A).

Respondente A, B en C is dit eens dat die ernstige vorme van fisiese treitering onder aanranding tuisgebring kan word. Volgens respondent A kan sekere vorme van verbale treitering en psigologiese treitering (verbale treitering is ook ‘n vorm van psigologiese treitering) hanteer word as ‘n vorm van aanranding wat daaruit bestaan dat jy vrees wek by iemand anders dat leed binnekort hom toegevoeg gaan word. Volgens respondent A is dit in die praktyk soms moeilik om hierdie gevalle onder aanranding te hanteer, dis soms makliker om dit onder intimidasie te hanteer.

#### 4.4.1.3 *Crimen injuria*

Volgens respondent A kan belediging ‘n misdaad wees en wel die misdaad van *crimen injuria*. *Crimen injuria* is die wederregtelike, opsetlike en ernstige aantasting van die waardigheid en privaatheid van ‘n ander. Presies waar jy die streep moet trek tussen geringe beledigings, geringe aantasting en ernstige aantasting van die slagoffer se

waardigheid is 'n grys gebied in ons reg. Volgens respondent A is die element van ernstigheid by *crimen injuria* geleë in die feit of dit herhaaldelik plaasvind en of dit in die teenwoordigheid van ander gebeur. Die boelie kan egter ook skuldig wees aan *crimen injuria* al geskied die belediging nie in ander se teenwoordigheid nie.

Volgens respondent A is daar ook ander vorme van verbale treitering en psigologiese treitering wat onder *crimen injuria* hanteer kan word. Voorbeelde hiervan is waar die boelie pornografie aan die slagoffer stuur of waar die boelie beledigende seksuele opmerkings ten opsigte van die slagoffer maak. Volgens respondente A en C kan kubertreitering ook *crimen injuria* wees byvoorbeeld waar kaal foto's van 'n meisie bekendgestel word. Respondent A is van mening dat rasgedrewe treitering, wat as 'n ernstige oortreding beskou word, ook tuisgebring kan word onder *crimen injuria*.

4.4.1.4 Onsedelike aanranding

Volgens respondent A manifesteer onsedelike aanranding as treitering waar die boelie die slagoffer aanraak of betas op 'n onsedelike manier. Die aanrandingselement by onsedelike aanranding is baie kunsmatig – die slagoffer hoef nie beseer te word nie. Onsedelike aanranding kan ook geskied tussen leerders van dieselfde geslag. Respondente A, B en C is dit eens dat vorme van seksuele treitering onder die misdaad "onsedelike aanranding" ressorteer. Respondent A noem die volgende voorbeelde: die boelie steek sy of haar hand sonder die slagoffer se toestemming onder haar rok in; die boelie sit sy hand op die slagoffer se bors – dit kan ook oor die klere wees. Volgens respondent A sal 'n tipiese grensgeval wees waar die boelie die slagoffer se bra-bandjie trek en laat skiet. Dit mag moeiklik wees om die hof te oortuig dat dit onsedelike aanranding is. Dit mag kwalifiseer as spottery of seksuele teistering en sal nie binne die strafreg binne die definisie van 'n misdaad kan ressorteer nie. Respondent A meld dat seksuele teistering nie deur die Suid-Afrikaanse regstelsel as 'n misdaad beskou word nie. Volgens respondent C kan die situasie in die toekoms verander en kan seksuele teistering moontlik by 'n baie wyer definisie van verkragting ingesluit word.

4.4.1.5 Intimidasie

Volgens respondent A behoort dit in aanmerking geneem te word dat boelies aangekla

kan word van intimidasie. Respondent A definieer "intimidasie" as volg: iemand wat sonder enige wettige rede en met opset om enige persoon te dwing of te beweeg om iets te doen of nie te doen nie, of 'n bepaalde standpunt in te neem, enige persoon aanrand, beseer of skade berokken of op enige wyse dreig om enige persoon of persone van 'n bepaalde aard skade te berokken, is aan 'n misdaad skuldig. Dit kan ook daarin bestaan dat enige persoon wat op so 'n wyse optree, of hom op so 'n wyse gedra, of sodanige woorde uiter dat dit die uitwerking het dat 'n persoon wat die optrede, gedrag, uitlating of publikasie waarneem, vrees vir sy eie veiligheid of die veiligheid van sy eiendom. Respondent A noem die volgende klassieke geval van treitering as 'n voorbeeld van intimidasie: 'n sterk geboude seun intimideer 'n tenger seun wat fyn-gevoelig en kunssinnig is herhaaldelik deur vir hom te sê dat hy 'n sissie is met die doel om byvoorbeeld sy skoolkos in die hande te kry. Sien ook 4.4.1.2 waar respondent A meld dat dit in die praktyk moeilik is om sekere vorme van verbale treitering en psigologiese treitering as dreigement onder aanranding te hanteer en dat dit makliker sal wees om dit onder intimidasie te hanteer.

4.4.1.6 Misdade in terme van die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957

Volgens respondent A verbied artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, geslagsgemeenskap, of die pleeg van onsedelike of onbehoorlike dade met jeugdiges onder 'n sekere ouderdom, selfs met hul toestemming. Die doel van hierdie bepaling is om die seksuele integriteit van jeugdiges te beskerm. Die terme "onsedelike en onbehoorlike dade" is grys gebiede, maar volgens respondente A en B is daar 'n moontlikheid dat hierdie artikel toegepas kan word in die geval van seksuele treitering. Respondent B noem die volgende voorbeeld: Gevalle waar die boelie homself voor die slagoffer ontklee sal beslis onder artikel 14 tuisgebring kan word. Die artikel is van toepassing op onbehoorlike dade of onsedelike dade wat gepleeg word met seuns onder die ouderdom van 19 jaar en dogters onder die ouderdom van 16 jaar. Die Wet op Seksuele Misdrywe word tans herskryf, maar die kans is baie goed dat die bepaling van artikel 14 in die nuwe wetgewing behoue sal bly.

4.4.1.7 Verkragting

Respondent B identifiseer "verkragting" ook as 'n misdaad waaronder treiteringhande-

linge kan ressorteer. Volgens respondent B gebeur dit soms in uitsonderlike en ekstreme gevalle dat die boelie die slagoffer verkrag.

4.4.1.8 Sameswering

Volgens respondent A is dit selfs moontlik dat 'n groep boelies van sameswering aangekla kan word waar hulle saamsweer om 'n slagoffer aan te rand. Indien die aanranding nie bewys kan word nie, maar die sameswering wel, kan die boelies aangekla word van sameswering wat 'n misdaad in die Suid-Afrikaanse reg is.

Ter afsluiting van hierdie afdeling (4.4.1 Treitering as misdaad) is die volgende bydraes van die respondente ook waardevol:

- Daar bestaan volgens respondente A en C in die Suid-Afrikaanse reg 'n misdaad genoem "strafregtelike laster" as jy iemand belaster. Dit word in die Suid-Afrikaanse reg, volgens respondent A, slegs in baie ernstige gevalle toegepas, byvoorbeeld as jy 'n baie belangrike persoon soos byvoorbeeld 'n regter belaster. Dit word selde in die Suid-Afrikaanse strafreg toegepas en kan wat betref treitering en die strafreg buite rekening gelaat word.

- Sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering kan volgens respondente A en B nie ressorteer onder misdade in die Suid-Afrikaanse reg nie. Volgens respondent B kan daar wat sosiale treitering betref uitsonderlike gevalle wees – dit sal afhang van die spesifieke feite – wat onder *crimen injuria* kan ressorteer. Volgens respondent A moet sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering eerder deur die psigologie (sielkundiges) hanteer word. Dit sal moeilik wees om dit deur middel van die strafreg te hanteer, want dit sal bykans onmoontlik wees om te onderskei tussen geringe beledigings, geringe aantasting van 'n kind se waardigheid en ernstige aantasting van die waardigheid. Respondent A meld dat ten opsigte van sosiale treitering en verhoudingsgerigte treitering kinders (slagoffers) nie permanent in kokonne en watte toegedraai en beskerm kan word teen elke denkbare belediging wat na hulle kant geslinger word nie. Dit kan ook belangrik wees vir die opvoedingsproses en die leerproses om 'n bietjie met die "rough and tumble" van die lewe om te gaan.

#### 4.4.2 **Die rol wat die strafreg in skole kan speel om treitering te hanteer en te bekamp**

Respondente A, B, C en F is dit eens dat die strafreg 'n rol kan speel om treitering in skole te hanteer en te bestuur.

Volgens respondent B is dit belangrik om die strafreg te betrek in ernstige gevalle van treitering. Hy beklemtoon die feit dat daar gewaak moet word teen die feit dat ernstige gevalle nie as gering geskat word nie. Skole moet die omstandighede evalueer om te besluit of treitering slegs via hulle eie dissiplinêre proses hanteer moet word en of 'n strafregopsie ook gevolg moet word. Respondent B noem die volgende kriteria wat 'n skool kan volg wanneer 'n strafregopsie oorweeg word: die erns van die treitering; die veiligheid van die leerders; die mate waarin die dissipline in die skool ontwrig word. Die groot waarde van 'n strafregopsie in ernstige situasies lê daarin dat die ernstigheid van die saak beklemtoon word; dit het afskrikwaarde en die feit dat in die geval van minderjariges 'n spesiale strafregproses gevolg word. Wat die spesiale strafregproses betref, meld respondent B dat dit 'n beginsel van ons howe is dat minderjariges uit tronke gehou moet word. Howe vermy dit sover as moontlik. Slegs in heel ernstige gevalle soos moord en verkragting kan minderjariges in tronke aangehou word. Hulle word egter eerder deur die howe na verbeteringskole en nywerheidskole verwys. Nadat 'n strafklag gelê is, sal die polisie besluit of die klag ernstig genoeg is en of dit na die staatsaanklaer verwys moet word. Indien die klag ernstig is en dit na die staatsaanklaer verwys word, sal hy of sy in die geval van jeugoortreders die saak na die proefbeampte verwys. Die proefbeampte sit nou 'n jeugrehabilitasieprogram aan die gang. Die doel van die program is afwenteling ("diversion") ten einde verdere oortredings te voorkom en die kind uit die hof te hou. Indien die rehabilitasie suksesvol is, word die klag teen die boelie teruggetrek. Indien dit onsuksesvol is, het die staatsaanklaer die reg om die saak nog steeds hof toe te vat en gaan die hof 'n straf toereken volgens die boelie se ouderdom.

Respondent A beklemtoon die feit dat die ernstigheid van die treitering die basis is om te bepaal of 'n strafklag gelê moet word of nie. Dit is nie slegs in die geval waar treitering manifesteer as aanranding waar 'n strafklag gelê kan word nie, maar ook waar ernstige treitering plaasvind wat nie onder aanranding ressorteer nie en onder ander misdrywe

ressorteer. Respondent B beklemtoon die feit dat die strafreg slegs ‘n rol kan speel by boelies in die ouderdomsgroep ouer as 14 jaar. Respondent A meld dat boelies tussen 7 en 14 jaar ontoerekeningsvatbaar is, tensy die staat kan bewys dat hulle toerekeningsvatbaar is. Hy sê dat dit vir die staat prakties onmoontlik is om te bewys dat ‘n boelie van so 10 jaar of jonger wat ‘n misdaad gepleeg het, toerekeningsvatbaar is. Tussen 11 en 14 jaar is dit moontlik vir die staat om dit te bewys deur die hof te oortuig dat die boelie emosioneel volwasse is, dat hy geweet het wat die verskil tussen reg en verkeerd is en tussen reg en verkeerd kan onderskei, dat hy in staat is om sy handelinge te rig, met ander woorde dat hy nie gedryf word deur drange buite sy beheer nie.

Respondent C glo ‘n kind word deur die reg in ‘n spesiale posisie geplaas. Daarom moet die strafreg slegs in uitsonderlike, ernstige gevalle van treitering gebruik word. Hy beklemtoon die waarde van die skool se gedragskode en dissiplinêre stappe asook die waarde van verbeteringskole wat ‘n groot rol kan speel om onderskeidelik te verhoed dat ‘n strafklag gelê word of dat die boelie in ‘n tronk beland. Hy beklemtoon ook die rol wat helende reg (“restorative justice”) kan speel in die hantering van treitering. Helende reg is gebaseer op vergifnis van die slagoffer vir die oortreder asook dat die oortreder moet goed maak vir die nadeel of skade wat hy of sy die slagoffer toegevoeg het. Volgens respondent C ressorteer helende reg onder die strafreg en is dit selfs moontlik dat dit as remedie kan dien om te vergoed of goed te maak vir finansiële nadeel, fisiese nadeel, psigologiese nadeel, sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel aan die kant van die slagoffer van treitering.

Volgens respondent F kan die strafreg ‘n geweldige rol speel in die bestuur en hantering van treitering. As ‘n strafklag gelê word, maak dit die situasie formeel. Met formeel maak, word bedoel dat daar ‘n geleentheid is om ‘n rekord te bou – nie soos in ‘n kriminele rekord nie, maar iets op papier. Wanneer daar dan weer oor dieselfde leerder gekla word, is dit vir die rolspelers binne die proses makliker om op te tree – as daar nie ‘n rekord is nie is dit soos ‘n eerste keer kla en word dit nie as ernstig beskou nie. Nadat ‘n strafklag teen ‘n kind gelê is, moet hy eers deur ‘n maatskaplike werker geassesseer word. Op grond van die assessering moet daar beskluit word of die kind uit die hof gehou moet word deur gebruik te maak van afwenteling en of daar voortgegaan moet word met die strafsaak.

Respondent F meld dat daar verskillende tipes afwentelingsprogramme is soos byvoorbeeld aggressie-programme en programme vir kinders wat steel. Afwenteling is gebaseer op helende reg ("restorative justice"). In Suid-Afrika word helende reg nog nie deur wetgewing afgedwing nie, maar helende reg kan as remedie dien vir al die vorme van nadeel of skade wat deur treitering veroorsaak kan word naamlik: finansiële skade, psigologiese of emosionele skade, fisiese skade, sosiale skade en opvoedkundige skade. Afwentelingsprogramme wat baie goed toepaslik is vir die gebruik met betrekking tot treitering is slagoffer-oortreder-mediasie en "family group conferencing". Die twee programme is baie na aan mekaar. Die volgende rolspelers word betrek: die boelie en sy ouers, die slagoffer en sy ouers asook die skoolhoof of opvoeder. Heelwat voorbereiding moet gedoen word. Die slagoffer kry geleentheid om te vertel van die treitering en wat dit aan hom doen sodat almal, veral die boelie en die ouers van die boelie, kan besef hoe ernstig treitering kan wees – kan hoor en besef watter skade (nadeel) treitering vir die slagoffer kan veroorsaak. Die slagoffer kry ook spesifiek die geleentheid om te vertel watter skade (nadeel) hy gely het, hetsy finansieel, fisies, emosioneel (psigologies), sosiaal of opvoedkundig. Daar word dan van die boelie verwag om te sê hoe hy die skade wat hy aangerig het gaan regmaak. Die doel is dat die boelie moet leer uit die proses. Daar moet ook voorkom word dat die boelie weer slagoffers boelie en die beste manier om verdere treiteringgedrag te voorkom is dat die boelie self die skade wat hy veroorsaak het, moet regmaak. Die wese van die helende reg is dat die persoon wat die skade veroorsaak het die balans weer moet herstel – die skade moet regmaak. Die opstel van 'n kontrak is baie belangrik. Die kontrak dui spesifiek aan wat die boelie moet doen om byvoorbeeld die finansiële skade of emosionele skade reg te maak. Al die aanwesige partye onderteken die kontrak. Indien die proses 'n sukses is en veral die slagoffer tevrede is dat die hofsaak nie hoef voort te gaan nie, word die staatsaanklaer gevra om die saak terug te trek. Respondent F beklemtoon ook die volgende fasette van bogenoemde proses:

- Dit vind plaas nadat 'n strafklag gelê is, nadat 'n dossier geopen is en die saak op die hofrol geplaas is. Die staatsaanklaer kan uitstel verleen met die doel om geleentheid te gee vir die proses van mediasie. Die feit dat daar 'n strafsaak hangende is en dat die sukses van die mediasie-proses sal bepaal of daar voortgegaan moet word met die strafsaak "dwing" die boelie en sy ouers ook om

hul samewerking te gee. Deelname aan die mediasieproses is egter vrywillig en enige rolspeler kan in enige stadium van die proses onttrek.

- Die proses word gefasiliteer deur ‘n opgeleide mediator. Dit is nie ‘n regsproses nie en regsverteenwoordigers is nie deel van die proses nie.

- Die staatsaanklaer kan die saak nog ses weke uitstel om seker te maak dat dit wat in die kontrak bepaal word, nagekom word. Dit is moeilik om ‘n saak weer oop te maak, dus is verdere uitstel soms ‘n goeie reëling.

- Die slagoffer moet totaal in beheer wees van die situasie. Dit dra by tot die herstel van die balans, wat versteur is deur die magspel van die boelie.

- Die doel van die mediasieproses is om die boelie te lei om te groei tot by berou.

- Die mediasieproses is geskik om minder ernstige misdade te hanteer, nie om ernstige misdade soos moord, verkragting en manslag te hanteer nie.

‘n Skool is natuurlik nie verplig om in geval van ernstige treitering ‘n strafklag te lê nie. Volgens respondente A en C het die feit dat ‘n skool nie ‘n strafklag lê nie, nie opsigself regsimplikasies nie. Volgens respondent B beteken dit egter nie dat die skool (beheer-liggaam) ‘n geval van ernstige treitering onder die mat kan invee nie. Die Skolewet se verpligtinge moet nog steeds nagekom word – die dissiplinêre proses teen die boelie moet nog steeds gevolg word en daar moet via ‘n dissplinêre verhoor teen die boelie opgetree word.

### 4.4.3 **Die rol van die skool indien daar van die strafreg gebruik gemaak word**

Respondent B meld dat die veiligheid van die slagoffer, die veiligheid van die getuies en die algemene veiligheid in die skool prioriteit moet kry nadat ‘n boelie strafregtelik aangekla is. ‘n Boelie kan die veiligheid van die slagoffer, getuies en ander leerders in gevaar stel en kan ook probeer om hulle te intimideer. Volgens respondent B gebeur dit soms dat die polisie (of ‘n polisielid) weier om ‘n strafsaak te begin. Volgens die *di minimis*-beginsel hoef die polisie nie ‘n saak te open as dit regtig kleinlik is nie – die

howe is ook geregtig om dit uit te gooi. Die skool moet ook nie ‘n klag lê ten opsigte van ‘n nietigheid nie. Daarom moet die skool eers ‘n ondersoek doen om seker te maak hoe ernstig dit is. As die skool wel glo dat die saak ernstig is, moet dit nie sonder meer aanvaar word as die polisielid by die aanklagtoonbank weier om ‘n dossier te open nie. Hoër gesag moet in so ‘n geval geraadpleeg word. Dit kan ook gebeur dat ‘n staats-aanklaer weier om ‘n saak te vervolg. In so ‘n geval moet die staatsaanklaer ‘n sertifikaat verskaf wat aandui dat hy weier om die saak te vervolg. Die prokureur-generaal moet dan ‘n sertifikaat van “geen vervolging” uitreik. Dit gebeur slegs as die prokureur-generaal baie seker is van sy saak nadat hy die saak deeglik met die staatsaanklaer opgeneem het. Dit gebeur egter selde dat ‘n staatsaanklaer weier om te vervolg – die groot probleem is soms die polisie.

Volgens respondent A moet die skool die ouers van die boelie en die ouers van die slagoffer in kennis stel dat hulle beoog om ‘n strafklag te gaan lê. Dit kan selfs gebeur dat die boelie se ouers in hierdie stadium tussenbeide sal tree om die saak te probeer oplos voordat ‘n klag gelê word. Dit mag selfs ook wees dat die slagoffer se ouers so ‘n stap sal verwelkom om hul kind verdere trauma te spaar. Respondent A meld ook dat dit belangrik is om ‘n slagoffer wat beseer is by ‘n mediese dokter te kry vir ‘n ondersoek, want dit is belangrike stawende getuienis in die hof. Opvoeders kan in die geval van ‘n strafsaak ook as getuies geroep word.

Respondent C beklemtoon die rol van getuies, wat almal deel is van die skoolopset, in die geval van treitering van leerders deur leerders. ‘n Skool moet nie huiwer om getui-enis af te lê nie, want ‘n saak is so sterk soos die getuienis. Respondent C beklemtoon ook die ondersteuende rol wat die skool moet speel as ‘n leerder van die skool strafregtelik aangekla word. Hy meld dat die skool ‘n geskikte opvoeder moet identifiseer wat die strafregtelike proses saam met die leerder moet deurloop ter ondersteuning, maar ook om insette te lewer in die beste belang van die leerder. Respondent C verwys spesifiek na artikel 28 van die Grondwet asook na die *in loco-parentis*-beginsel. As ‘n skool sy *in loco-parentis* uitleef, beteken dit ook dat die skool die leerder wat strafregtelik vervolg word tydens die hele proses moet ondersteun. Dit kan ‘n geweldige impak op die leerder se lewe hê.

Respondent F beklemtoon die ondersteunende rol van die skool vir beide die slagoffer en die boelie. Wat die slagoffer betref, is dit belangrik dat die skool moet omsien na sy veiligheid, veral in die tyd wat die saak uitgestel word. Dit kan ‘n baie moeilike tyd wees vir die slagoffer wat ook aan intimidasie onderwerp kan word. Respondent F meld ook dat dit uiters belangrik is dat ‘n geskikte verteenwoordiger of verteenwoordiger van die skool deel moet wees van ‘n mediasieproses saam met die boelie, die slagoffer en die ouers van beide. Eerstens kan hulle verseker dat regverdigheid geskied en dat die boelie nie die mediator ‘n rat voor die oë draai nie. Tweedens, na die mediasieproses is dit die opvoeders wat ‘n positiewe rol in beide die boelie en die slagoffer se lewens gaan speel – dit is dus noodsaaklik dat die skool deel is van die mediasie-proses.

### 4.4.4 **Ouerbetrokkenheid en die strafreg**

Volgens respondent A is die betrokkenheid van die ouers van die boelie wat strafregtelik vervolg word van baie groot belang. Respondent A noem die volgende aspekte van ouerbetrokkenheid wat van groot belang is: die ouers moet toesien dat die proses reg en billik geskied; hulle moet die kind waar nodig bystaan; hulle kan betrokke wees by maat-reëls wat die hof, proefbeampte of skool voorstel om die probleem op te los.

Respondent C beklemtoon die insette van ouers om die probleem te probeer oplos. Die insette van ouers kan ‘n groot rol speel om te bepaal hoe ver die strafregtelike proses gaan voor die saak afgehandel word. Die ouer van die boelie se skakeling met die slag-offer se ouers asook sy intervensie in die treiteringgedrag van sy kind kan byvoorbeeld ‘n vroeë oplossing teweegbring. Volgens respondent C het die skool ook hier ‘n rol om ouers op te voed.

Volgens respondent F is dit soms moeilik om die ouers van die boelie sover te kry dat hulle saamwerk, want hulle is geneig om te glo dat hul kind onskuldig is. Die ouers se grootste rol is om hul kind te ondersteun. In ‘n strafsaak word die ouers se onder-steuning en die ouers se betrokkenheid deur die stelsel afgedwing. Die ouers van die boelie het natuurlik die reg om ‘n prokureur te raadpleeg. Die polisie behoort al die regte van die ouers aan hulle te verduidelik en behoort ook aan die ouers leiding te gee.

### 4.4.5 Die verband tussen 'n dissiplinêre verhoor en die strafreg

Respondente A, B, C en F stem saam dat daar voortgegaan moet word met die skool se interne dissiplinêre verhoor, al is daar 'n strafsaak aanhangig gemaak teen die boelie.

Volgens respondent A geskied die interne dissiplinêre verhoor totaal onafhanklik van die strafsaak. Selfs in geval van 'n ernstige misdaad soos verkragting kan die skool voortgaan met sy eie ondersoek na verkragting. Die dissiplinêre komitee kan byvoorbeeld bevind dat daar twyfel is of daar wel fisiese penetrasie was, maar dat daar geen twyfel is of daar onsedelike gedrag was nie. Die konsep "hiërargie van misdade" is hier belangrik. Die skool kan die boelie selfs skuldig vind aan verkragting, die verskil tussen die dissiplinêre verhoor en die strafreg is dat die dissiplinêre komitee slegs die boelie die straf kan oplê waartoe hy bevoeg is, soos byvoorbeeld om uitsetting aan te beveel.

Respondent B meld dat waar 'n strafsaak vir 'n baie ernstige misdaad teen 'n boelie aanhangig gemaak is, kan in 'n hoogs uitsonderlike geval moontlik oorweeg word om nie met die dissiplinêre verhoor voort te gaan nie, maar slegs waar die voorlopige ondersoek uitgewys het dat daar geen ander alternatiewe oortredings is wat die boelie kon begaan het nie en daar nie bepaal kan word wat die werklike stand van sake is nie. In so 'n geval kan die skool oorweeg om te wag vir die uitslag van die strafsaak.

Respondent F meld die volgende redes waarom dit wenslik is dat 'n skool moet voortgaan met 'n dissiplinêre verhoor ten spyte van die feit dat 'n strafsaak aanhangig gemaak is:

- Daar kan gevalle wees waar 'n skool 'n spesifieke boelie nie meer kan akkommodeer nie, die strafsaak mag lank duur (selfs jare) of daar mag niks daarvan kom nie en dan kom die boelie skotvry.

- Die skool moet sy gesag bevestig.

- Indien die boelie skotvry kom en hy oortree weer is daar geen rekord beskikbaar nie – die dissiplinêre verhoor is belangrik vir rekordbou.

- Die skool moet homself beskerm, indien die boelie weer oortree kan die skool aanspreeklik wees indien hy nie met die eerste ernstige oortreding 'n dissiplinêre verhoor gehou het nie en nie opgetree het teen die boelie nie.

Respondent C beklemtoon ook dat die strafsaak teruggetrek kan word. Indien die skool nie 'n dissiplinêre verhoor gehad het nie is die boelie in 'n nog beter posisie. Die dissiplinêre verhoor sou duidelik getoon het vir die boelie dat sy gedrag nie aanvaarbaar is vir die gemeenskap nie.

Volgens respondent A kan die strafregproses in sommige gevalle 'n beter uitkoms bring as wanneer uitsetting deur die dissiplinêre komitee aanbeveel word. Afwentelings-programme kan lei tot sy rehabilitasie waar uitsetting uit 'n skool kan lei tot stigmatisering en dit mag moeilik wees om die boelie weer geskik in 'n skool te plaas. Respondent B stem saam met respondent A en sê met uitsetting word die probleem nie opgelos nie, die probleem word slegs verskuif na 'n ander skool en die boelie se reg tot onderwys kan hom moontlik ontneem word.

Respondente A, B en C stem saam dat die beginsel "*sub judice*" glad nie ter sprake is wanneer 'n dissiplinêre verhoor voortgaan ten spyte van die feit dat 'n strafsaak aanhangig gemaak is nie. Altwee prosesse kan gelyktydig plaasvind.

#### 4.4.6 **Die skool en strafregtelike aanspreeklikheid**

Respondente A, B en C is dit eens dat 'n skool as regspersoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir misdade wat gepaard gaan met treitering nie.

Respondent A sê volgens sy regsgevoel sal 'n skool as sodanig nooit strafregtelik aangekla word nie, maar wel deliktueel. Respondent A glo die bedoeling van die wetgewer was nooit om 'n instansie soos 'n openbare liggaam (openbare skool) van 'n misdaad aan te kla nie. Hy noem die voorbeeld van 'n poskantoor wat nie van 'n misdaad soos bedrog aangekla kan word nie. Die posmeester het gesien iemand pleeg bedrog en hy het nie opgetree daarteen nie – in die praktyk gaan die posmeester aangekla word van bedrog.

Respondent B meld dat die skool deel vorm van die openbare onderwys en daarom sal die skool as regspersoon nie strafregtelik aanspreeklik gehou word nie, maar die onderwysdepartement kan wel deliktueel aanspreeklik gehou word. Die departement kan slegs vir sekere sake strafregtelik aanspreeklik gehou word, byvoorbeeld ekonomiese misdade.

Volgens respondent C kan 'n skool as regspersoon slegs strafregtelik aanspreeklik wees vir treitering wat onder sy toesig plaasvind as daar so 'n strafsanksie is. Daar bestaan nie op die oomblik so 'n strafsanksie nie. Dit is baie keer die geval dat daar 'n sanksie of 'n strafbepaling is, veral as dit kom by ekonomiese misdrywe waar die regspersoon ook aanspreeklik is. Vir misdade soos byvoorbeeld aanranding, seksuele aanranding en verkragting wat gepaard kan gaan met treitering, gaan dit in die praktyk baie moeilik wees om 'n skool strafregtelik aanspreeklik te hou.

#### 4.4.7 **Die passiewe slagoffer en toestemming**

Respondente A, B en C is dit eens dat die optrede van die passiewe slagoffer (tipiese slagoffer – hy kan homself nie verdedig nie, is stil, skaam en bang en word as gevolg van sy voorkoms en optrede 'n uitnodigende prooi vir die boelie) nie deur die boelie vertolk kan word as toestemming nie.

Respondent B is oortuig dat 'n kind (slagoffer) nie kan toestem tot benadeling van homself nie – dit is 'n regsbeginsel. As hy niks doen nie, of as hy homself nie verdedig nie moet dit nie wangeïntrepreteer word as toestemming nie.

Respondent A stem saam met respondent B dat die optrede van die passiewe slagoffer nie as toestemming vertolk kan word nie. Respondent A is egter van mening dat wanneer die slagoffer 'n 18-jarige of 19-jarige sterk en forsgeboude seun is, die hof moontlik sy passiewe optrede kan vertolk as toestemming. By 'n dogter sal dit by hoogste uitsondering kan gebeur dat haar gedrag as toestemming vertolk kan word en in die geval van jonger en tengerige kinders sou dit nie as toestemming vertolk kan word nie.

Respondent C sê hy kan nie dink dat die optrede van die passiewe slagoffer ooit as toestemming vertolk kan word nie. Hy sê dit is 'n geval van: "As jy moet kies tussen

verdere leed en pyn of braaf wees dan is dit nie noodwendig dat jy toestem tot verdere pyn deur net stil te bly nie, maar net om die ding te laat verbykom."

4.4.8 **Treitering en medepligtigheid tot 'n misdaad**

Volgens respondent B is dit moontlik dat die passiewe boelie (assistent), die aanhitser en die opvoeder (wat nie optree nie as gevolg van sy onverskillige houding ten opsigte van treitering) van medepligtigheid aan 'n misdaad gepleeg deur die boelie aangekla kan word. Dit sal afhang van die feite van die geval en of die elemente van 'n spesifieke misdaad ook vir die medepligtige bewys kan word. As die medepligtige weet wat hy doen is verkeerd en hy tree opsetlik op of hy is so nalatig dat die reg sê dit is verkeerd en al die elemente van die misdaad kan aan die medepligtige gekoppel word, dan kan 'n mens stappe teen hom neem. In die geval van die opvoeder wat net terugstaan moet die vraag gevra word of die opvoeder nou regtig skuld het aan die treitering en of dit moontlik is om dit te bewys.

Waar respondent B dit sterk betwyfel of die opvoeder wat ernstige treitering (treitering wat ressorteer onder misdaad) oogluikend toelaat van medepligtigheid beskuldig kan word, glo respondent A dat so 'n opvoeder wel van medepligtigheid aangekla kan word. Die opvoeder kan selfs aan aanranding skuldig bevind word indien die boelie in so 'n geval die slagoffer aanrand. Hy verwys na die hofsaak, *S v B* 1994 (2) SASV 237 (OK), waar die volgende gedrag van 'n moeder daartoe gelei het dat sy aan aanranding skuldig bevind is: Die moeder het gesien hoe haar mansvriend haar twee-en-'n-half-jaar-oue kind aangerand het. As moeder van die kind, het daar 'n regsplig op haar gerus om haar kind te beskerm, maar sy het versuim om haar regsplig na te kom. Deur haar mansvriend se aanranding op haar kind te duld, het sy haarself ook (dit wil sê saam met haar mansvriend) skuldig gemaak aan aanranding op haar kind, ten spyte daarvan dat sy geen aktiewe handeling verrig het nie. Net so ook in die geval van die opvoeder wat 'n regsplig het om op te tree. Die opvoeder kan dus wel van medepligtigheid aangekla word.

Behalwe dat die omstanders van medepligtigheid aangekla kan word, neem respondent A die rol van die omstanders nog verder en sê die aanhitser kan selfs aangekla word van aanhitsing of te wel uitlokking wat 'n misdaad is in ons reg. Die uitlokker kan selfs

aangekla word van uitlokking tot aanranding of uitlokking tot *crimen injuria*. Selfs sameswering is 'n moontlikheid. As daar bewys kan word dat 'n klomp seuns saamgesweer het om iemand aan te rand, maar die aanranding kan nie bewys word nie, maar die sameswering kan bewys word, dan kan die leerders aangekla word van sameswering wat 'n misdaad in eie reg is.

Respondent C glo dat gemeenskaplike oogmerk eerder ter sprake is as medepligtigheid in gevalle waar die passiewe boelie (assistent(e)) en die aanhitser die boelie bystaan in die pleeg van 'n misdaad of waar die opvoeder die pleeg van 'n misdaad deur die boelie oogluikend toelaat. Vir hom is 'n medepligtige iemand wat gewoonlik 'n aandeel het, voor of na die daad. Hy het die daad saam beplan, daarom is hy 'n medepligtige tot die saak, of die dader het gesteelde goedere na die diefstal vir 'n persoon aangebied wat dit aanvaar het (gevat het) ten spyte van die feit dat hy of sy geweet het dat die goedere gesteel is.

Respondent C verduidelik die gemeenskaplike–oogmerk–leerstuk ("*doctrine of common purpose"*) deur te verwys na sake wat hy hanteer het toe hy nog as advokaat gepraktiseer het. Die sake het gegaan oor heksery waar 'n persoon doodgemaak word. Die omstanders raak partykeer nie eers aan die sogenaamde heks nie, maar as gevolg van die feit dat hulle so opgesweep is, hulle saamsweer, en hulle opmerkings maak, vereenselwig hulle hulself met die daad en hulle word daaraan skuldig bevind. Hulle kry 'n ligter straf, maar hulle word aan die misdaad "moord" skuldig bevind.

### 4.4.9 **Treitering en direkte opset en konstruktiewe opset**

Volgens respondent A is direkte opset ter sprake wanneer dit die dader se wil is om fisiese leed toe te dien of die waardigheid van die klaer (slagoffer) aan te tas – wanneer dit sy begeerte is. Begeerte is die belangrike woord. Respondent A gebruik die volgende voorbeeld om direkte opset te verduidelik: As 'n leerder op die speelgrond klippe gooi na tarentale wat daar rondloop het hy direkte opset om die tarentale aan te rand of seer te maak. Hy gebruik die voorbeeld om ook konstruktiewe opset te verduidelik: As die kind wat die klippe gooi, sien dat daar 'n ander kind in die omgewing is en hy voorsien die moontlikheid dat daardie kind dalk voor die tarentaal gaan inhardloop, en hy sê "ag wel dit is ook maar oorraait", en hy gooi nogmaals die klip, en die klip tref die kind teen die

kop dan is dit konstruktiewe opset. Dit is nie sy begeerte nie, maar hy voorsien die moontlikheid en hy versoen hom daarmee. Die sleutelwoorde is “voorsien”, “moontlikheid” en “versoen”. Volgens respondent A kan klassieke (tipiese) treitering ook as direkte opset beskou word, want twee wesenskenmerke van treitering is “opset” asook “om leed of skade aan die slagoffer te veroorsaak”. Volgens respondent A is konstruktiewe opset nie belangrik met betrekking tot treitering nie. Respondent C stem saam met respondent A en betwyfel dit baie sterk of treitering ooit ‘n verband kan hê met konstruktiewe opset.

## 4.5 TREITERING EN DIE DELIKTEREG

### 4.5.1 Die verband tussen die deliktereg, fundamentele regte en die strafreg

Volgens respondent D kan grondwetlike regskending tegelykertyd ‘n delik wees en ook ‘n misdaad. Hy verwys as voorbeeld na die saak *Fose v Minister of Safety and Security* 1997 (7) BCLR 851 (KH) waar die polisie ‘n persoon ernstig aangerand het (misdryf) en deliktuele skadevergoeding aan die slagoffer toegeken is. Die slagoffer het ook ekstra skadevergoeding geëis op grond van die feit dat die aanranding ook die reg tot vryheid en sekerheid van die persoon geskend het en dus ook ‘n grondwetlike delik was. In hierdie geval is die eis egter van die hand gewys. Hy noem ook as voorbeeld waar die boelie in ‘n ekstreme geval die slagoffer vermoor of waar die slagoffers van treitering teruggaan na die skool waar hulle getreiter is en uit weerwraak ander leerders skiet – die skending van die reg op lewe is tegelykertyd ook ‘n misdaad (moord).

Volgens respondent D kan ‘n delik en grondwetlike regskending as regsverskynsels dus oorvleuel – met ander woorde die aantasting van ‘n fundamentele reg *per se* kan ‘n delik daarstel. Respondent D doen egter aan die hand dat daar tog duidelike onderskeid tussen sodanige grondwetlike regskending en ‘n delik gemaak word, ten spyte van die oorvleueling. Die vereistes vir ‘n delik en die vir ‘n grondwetlike regskending is in sekere opsigte wesenlik verskillend. Gevolglik is elke delik nie noodwendig ook grondwetlike regskending nie en omgekeerd. Die remedies verskil ook – ‘n deliktuele remedie is gerig op vergoeding en ‘n grondwetlike remedie (selfs in die vorm van skadevergoeding) is gerig op die bevestiging, afdwinging, beskerming en vindikasie van fundamentele regte,

asook op die voorkoming of afskrikking van toekomstige skendings van fundamentele regte.

In die Fose-saak het die hof egter beslis dat die basiese remedie ingevolge die deliktereg voldoende is. Dit was nie nodig om nog ekstra skadevergoeding toe te ken omdat die aanranding deur die polisie ook 'n grondwetlike delik was nie.

Respondent E verwys ook na hierdie oorvleueling tussen die deliktereg en fundamentele regte en kritiseer die feit dat grondwetlike skadevergoeding nie ook toegeken word in die geval van 'n delik nie, soos in bogenoemde saak. Sy verwys veral na treitering, wat volgens haar 'n ernstige skending van die slagoffers se regte is en waar ons howe huidig, soos in die geval van bogenoemde saak, slegs deliktuele skadevergoeding sal toeken waar 'n delik ook skending van die fundamentele regte van die slagoffer van die boelie is – sien ook 4.3.

### 4.5.2 **Vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid**

Indien 'n ouer oorweeg om 'n delik-aksie in te stel as gevolg van die feit dat sy kind die slagoffer van treitering is, moet hy of sy eers bepaal of al die elemente (vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid) wel aanwesig is. Die vyf elemente is: handeling, onregmatigheid, kousale verband, skuld en skade (respondent D). Respondent D verwys ook na die leerstuk *de minimis non curat lex* wat daarop neerkom dat die ouer van die slagoffer nie vir enige nietigheid 'n delikaksie moet oorweeg nie – indien nadeel (skade) egter herkenbaar is, kan die instel van 'n delikaksie oorweeg word. Beide respondent C en respondent E fokus ook op die skade en sê wanneer skade bewys kan word is daar genoeg gronde vir die ouer om 'n siviele saak te maak. Die vyf elemente (vereistes) vir deliktuele aanspreeklikheid moet ook teenwoordig wees.

### 4.5.3 **Die opvoeder en deliktuele aanspreeklikheid**

#### 4.5.3.1 Die regsplig van die opvoeder

Respondent C, D en E stem saam dat daar 'n regsplig op 'n opvoeder rus om op te tree teen treitering, dit te hanteer en maatreëls in te stel om dit te bekamp. Volgens

respondent D is dit dus 'n regsplig om positief te handel. As uitgangspunt is 'n dader volgens respondent D nie aanspreeklik waar hy weens sy late of *omissio* (sy versuim om daadwerklik op te tree om nadeel te voorkom) 'n ander se belange feitelik aantas nie. Aanspreeklikheid volg slegs indien die late inderdaad onregmatig was en dit is net die geval as daar in die besondere geval 'n regsplig op die dader gerus het om positief op te tree om die intrede van skade te verhoed, en hy nagelaat het om die regsplig na te kom. 'n Opvoeder wat dus versuim om op te tree teen treitering is volgens respondente C, D en E deliktueel aanspreeklik weens die feit dat hy nagelaat het om die regsplig na te kom.

Volgens respondent D moet alle faktore wat daarop kan dui dat 'n opvoeder 'n regsplig het om positief te handel in geval van treitering oorweeg word om te bepaal of daar wel sodanige regsplig op 'n opvoeder rus. Respondente C, D en E identifiseer die volgende faktore wat daarop kan dui dat sodanige regsplig wel ten opsigte van 'n opvoeder bestaan:

- 'n Besondere verhouding tussen die leerder en die opvoeder. Volgens respondent C is hierdie spesiale verhouding gesetel in die *in loco parentis*-beginsel. Hierdie spesiale verhouding tussen die leerder en die opvoeder plaas volgens respondent C 'n hoë regsplig op die opvoeder, want die opvoeder se risiko tot skade is as gevolg daarvan soveel hoër.

- Die *boni mores* – die goeie sedes van die mens.

- Toepaslike wetgewing.

- Die opvoeder se dienskontrak met die staat.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se gedragskode vir die opvoeder.

- Die treiteringbeleid: respondent D voeg by dat die treiteringbeleid van 'n skool beskou moet word as 'n belangrike faktor as deel van die omringende omstandighede om te bepaal of daar 'n regsplig is. Hy vergelyk 'n treiteringbeleid van 'n skool met die staande orders van die polisie – hierdie orders, wat streng

gesproke beleid of riglyne is, het al ‘n belangrike rol gespeel in sake wat gehandel het oor ‘n late deur die polisie.

- Kennis dat treitering wel plaasvind. Volgens respondent E speel kennis ‘n belangrike rol by die daarstelling van ‘n regsplig. As treitering reeds aangemeld is of as daar kennis is dat treitering wel in ‘n skool aanwesig is, verhoog dit as ’t ware die opvoeder se regsplig om meer waaksaam te wees.

4.5.3.2 Die aanwesigheid van opset in die optrede van die opvoeder

Respondent C, D en E verskil in hul siening of opset as skuldvorm wel aanwesig kan wees in die optrede van ‘n opvoeder met betrekking tot treitering. Nalatigheid as verskyningsvorm van skuld kan wel as skuldvorm aanwesig wees, wanneer die slagoffer van die boelie nadeel (skade) het as gevolg van die onagsame, onsorgvuldige en onversigtige optrede van die opvoeder. Die vraag hier is of opset as verskyningsvorm van skuld ook aanwesig kan wees in die optrede (nie-optrede) van die opvoeder wanneer treitering in die skool plaasvind en die slagoffer as gevolg van die opsetlike optrede (nie-optrede) van die opvoeder skade (nadeel) het.

Respondent D is seker dat daar wel opsetlike optrede by ‘n opvoeder onder wie se toesig treitering plaasvind, kan wees. Hy noem die voorbeeld van ‘n opvoeder wat self treiteringneigings het, wat ook nie van die slagoffer hou nie, wat ‘n perverse behae put uit die feit dat die boelie die slagoffer treiter. Indien hierdie opvoeder nie optree teenoor die boelie in hierdie geval nie is opset aanwesig, want hy het geweet of voorsien dat sy nie-optrede onregmatig is en dat hy moet optree. In hierdie geval sal die skool se treiteringbeleid belangrike bewysmateriaal wees. Respondent D beklemtoon die feit dat die definisie van opset reg verstaan moet word. Opset beteken nie dat die dader noodwendig ‘n spesifieke gevolg begeer nie. Respondent D gebruik die voorbeeld van ‘n persoon wat na ‘n boom wil skiet. Daar is egter ‘n persoon wat in die rigting van die boom stap. Hy voorsien die moontlikheid dat hy dalk die persoon kan raakskiet wanneer hy na die boom skiet, maar hy skiet nogtans. Hy tref die persoon alhoewel hy nie die gevolg begeer het nie. Tog het hy opsetlik opgetree. Opset is dus aanwesig in die geval van die opvoeder wat nie opgetree het teen die boelie nie – hy het die intrede van ‘n gevolg van sy handeling (om nie op te tree nie) as moontlikheid voorsien en hom met die

moontlikheid versoen, dit wil sê desondanks die handeling verrig wat die betrokke gevolg veroorsaak, naamlik die skade (nadeel) aan die kant van die slagoffer van treitering.

Volgens respondent E kan die opvoeder slegs opsetlik optree as hy kwalifiseer as ‘n mededader. Respondent C glo dat opsetlike optrede aan die kant van die opvoeder wel moontlik is waar die opvoeder die aanranding van die boelie op die slagoffer sien, hy tree nie op nie, hy vereenselwig hom daarmee – hy kan selfs nog ‘n paar kwetsende woorde ook uiter. Respondent C glo dat hier eerder gemeenskaplike opset (“common purpose”) ter sprake is. In die geval van ‘n opvoeder wat slegs ‘n onverskillige houding het ten opsigte van die treitering wat in die skool plaasvind sal opset nie aanwesig wees nie, maar daar kan wel sprake wees van growwe nalatigheid.

4.5.3.3 Die standaard of vlak van die opvoeder se toesighouding

Die opvoeder val in die kategorie van die redelike deskundige van wie ‘n hoër standaard van sorgsaamheid verwag word tydens toesighouding. In Suid-Afrika is min navorsing gedoen oor treitering. Opvoeders het nie baie kennis ten opsigte van treitering nie. Sommige vorme van treitering is baie subtiel en is nie maklik waarneembaar nie. Die vraag wat as gevolg van hierdie situasie navore kom, is of die opvoeder wel in die geval van treitering as ‘n redelike deskundige beskou kan word ten opsigte van die standaard van sorgsaamheid en toesighouding wat van hom verlang word. Kan hy in die geval van nalatigheid aan die “redelike deskundige”-nalatigheids-kriterium gemeet word?

Respondent D stem saam en is van mening dat daar wel gevalle mag wees waar die “redelike deskundige”-nalatigheidskriterium nie die maatstaf kan wees waaraan opvoeders gemeet kan word in sommige gevalle van treitering nie.

Respondent C glo dat indien so ‘n situasie in die hof ontstaan dit baie problematies kan wees. Indien lae kundigheidsvlakke wel daartoe kan lei dat die “redelike deskundige”-nalatigheidskritium ‘n te hoë maatstaf is, glo respondent C dat die howe ‘n konserwatiewe benadering sal volg – die kriterium vir nalatigheid sal eerder op ‘n laer vlak gestel word as wat die opvoeder benadeel sal word.

Respondent E twyfel of howe in gevalle waar die kundigheidsvlak laag is of waar die treitering subtiel plaasvind, wel 'n laer standaard van sorgsaamheid sal oorweeg. Volgens haar sal dit feitlik onmoontlik wees, want die standaard van die opvoeder as redelike deskundige is reeds vasgestel. Volgens respondent E plaas die feit dat die opvoeder met kinders werk hom of haar een trappie hoër as die redelike persoon. Die feit dat die opvoeder 'n spesialis is, 'n professionele mens is, die kindersielkunde en die kinderontwikkeling ken, plaas hom of haar nog 'n trappie hoër – 'n opvoeder is dus twee trappies hoër as die redelike persoon. Respondent E is ook van mening dat, alhoewel die opvoeder nie spesifiek ten opsigte van treitering opgelei is nie, die opvoeder as gevolg van bogenoemde kwalifikasies nie op 'n laer vlak aangeslaan behoort te word nie. Sy gee egter toe dat wat die verskillende vorme van treitering betref, dit moontlik kan afhang van die omstandighede en die feite van 'n spesifieke geval.

Howe is van mening dat van ouer leerders verwag kan word om hulself te beskerm teen gevare waarteen hulle gewaarsku is, maar in die geval van jonger kinders kan dit as gevolg van hul ontwikkelingsvlak nie verwag word nie. Die standaard van toesig by jonger kinders moet dus veel hoër wees. Respondent D stem hiermee saam, naamlik dat die standaard van toesig by kleiner leerders met betrekking tot treitering hoër moet wees as by groter leerders. Respondent E verskil en is van mening dat die standaard van toesig (graad van sorg) met betrekking tot treitering nie op 'n laer vlak moet funksioneer soos die kinders ouer word nie. Hierdie mening is gebaseer op die volgende faktore:

- Treitering neem juis toe in venyn soos die leerders ouer word.

- Wanneer 'n klein kind boelie, is sy doel nie om opsetlik skade te veroorsaak nie, want hy besef nie die implikasies nie.

- Ouer kinders is ook meer kundig om verskillende metodes van treitering te gebruik soos byvoorbeeld selfoontreitering wat geweldige psigologiese skade kan veroorsaak.

- Ouer kinders moet meer bewus wees van grondwetlike waardes en moet ook meer respek hê vir ander se grondwetlike waardes.

Wat betref leerderveiligheid is die beskouing van die Suid-Afrikaanse howe dat ‘n opvoeder nie elke oomblik elke leerder onder sy toesig kan hou nie. Gesien in die lig dat treitering soms subtiel plaasvind en moeilik waarneembaar is, ontstaan die vraag of die howe in die geval van subtiele treitering ‘n hoër en intensiewer standaard van toesig van die opvoeder sal verlang? Volgens respondent D beskik ‘n skool nie oor genoeg menslike hulpbronne om elke kind elke oomblik onder intensiewe toesig te hê nie. Wat die reg van opvoeders verwag, is om soos ‘n redelike opvoeder in die omstandighede op te tree. Die skool moet dus soveel opvoeders aan toesigdiens hê as wat redelik en doenlik is in die omstandighede. Die stand van treitering in die skool moet ook in ag geneem word. Dit gaan daaroor of die redelike persoon, in die posisie van die opvoeder, die skade sou kon voorsien en hy redelike stappe sou gedoen het om dit te voorkom. Dit kan nie van ‘n redelike opvoeder verwag word om bewus te wees van die uiters subtiele treitering wat soms plaasvind nie alhoewel dit afhang van die omstandighede van elke geval. Respondent D noem dat kennis hier ‘n belangrike rol speel. As ‘n treitering-geval(le) aangemeld is, beteken dit dat die opvoeders meer waaksaam moet wees.

4.5.3.4 Die opvoeder en middellike aanspreeklikheid

Volgens respondent D kan middellike aanspreeklikheid omskryf word as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van ‘n ander. Eersge-noemde word dus indirek of middellik deur middel van die skadeveroorsakende optrede van laasgenoemde skuldloos aanspreeklik gestel. Hierdie aanspreeklikheid kom te pas waar die twee persone in ‘n besondere verhouding teenoor mekaar staan soos byvoor-beeld die werkgewer–werknemer-verhouding (onderwysdepartement–opvoeder–verhou-ding). Waar ‘n werknemer (opvoeder) handelende binne die perke van sy diensbe-trekking ‘n delik pleeg, is sy werkgewer (onderwysdepartement of staat) ten volle vir die skade aanspreeklik. Respondent D verwys ook na die vereistes wat teenwoordig moet wees voordat die werkgewer middellik aanspreeklik kan wees – sien 3.4.4 vir hierdie vereistes.

Die werkgewer kan middellike aanspreeklikheid slegs ontkom indien die werknemer, nie alleen, subjektief gesien, uitsluitlik sy eie belange nagestreef het nie, maar ook objektief beskou, hom geheel en al van sy dienskontraktuele verpligtinge losgemaak het.

Respondent D beklemtoon egter die feit dat alhoewel die opvoeder binne die bestek van sy diens optree en die staat dan aanspreeklik is, bly die opvoeder steeds aanspreeklik. Daar is nie 'n bepaling wat hom onthef van aanspreeklikheid nie. Die opvoeder word steeds as 'n dader beskou. As die opvoeder nie binne sy diensbestek optree nie, dan kan die skool of staat geen aanspreeklikheid aanvaar nie.

Volgens respondent C verplig die *in loco parentis*-beginsel die opvoeder om om te sien na die veiligheid van die leerders onder sy sorg en het die opvoeder 'n verantwoordelikheid om die regte van leerders onder sy sorg te beskerm. As 'n opvoeder in diens van die staat dus nie optree teenoor treitering nie, kan hy sekerlik aanspreeklik gehou word. As gevolg van die feit dat die opvoeder wat nie optree teen treitering nie binne die perke van sy diensverhouding handel, sal direkte aanspreeklikheid gewoonlik uitgesluit word aangesien dit gaan oor nalatigheid en sal middellike aanspreeklikheid ter sprake wees. Wat betref opvoeders in diens van die beheerliggaam is daar 'n beperking [artikel 20(10)], wat sê artikel 60(1) van die Skolewet is nie van toepassing as dit skade is wat voortspruit uit 'n kontraktuele verhouding nie. Tog blyk dit dat die howe, wanneer 'n opvoeder in diens van die beheerliggaam van die skool deliktueel aanspreeklik is, tog die middellike aanspreeklikheidsopsie of die statutêre aanspreeklikheidsopsie in terme van artikel 60 van die Skolewet volg as die opvoeder besig was met 'n onderwyskundige aktiwiteit.

### 4.5.4 **Die boelie en deliktuele aanspreeklikheid**

Respondent C, D en E stem saam dat die boelie deliktueel aanspreeklik kan wees as hy as gevolg van sy treitering skade toevoeg tot sy slagoffer – mits hy toerekeningsvatbaar is. As die boelie jonger is as sewe jaar het hy geen aanspreeklikheid nie. Indien die boelie tussen 7 en 14 jaar oud is, is daar 'n weerlegbare vermoede dat hy ontoerekeningsvatbaar is. Indien die boelie ouer is as 14 jaar is hy ten volle aanspreeklik. Die normale elemente (vereistes) vir deliktuele aanspreeklikheid moet ook aanwesig wees.

Respondent D meld dat ouers nie middellik aanspreeklik is vir die delikte van hul kinders nie. Tog kan die ouers van 'n boelie aanspreeklik wees weens 'n late aan hulle kant. Indien die ouers van 'n boelie bewus is van hul kind se treitering (hulle is al in kennis gestel en hulle tree nie op nie) is dit moontlik dat op grond van die omstandighede van

die geval of die *boni mores* 'n regsplig op hulle gekonstrueer kan word weens die late of versuim om op te tree. Dan is hulle direk aanspreeklik – nie middellik nie – middellike aanspreeklikheid is nie hier ter sprake nie. Volgens respondent C kan die boelie se ouers die skadevergoeding betaal indien skade teen die boelie toegestaan word. Dit is selfs moontlik dat die boelie self die skadevergoeding betaal as hy begin werk – dit is 'n geval van uitgestelde gevolg.

Respondent E verwys na The Child Justice Bill 49 of 2002 en die Children's Act. Ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid is daar 'n weerlegbare vermoede dat 'n kind bo 14 jaar toerekeningsvatbaar is. Daar is egter steeds 'n debat tot watter ouderdom hierdie weerlegbare vermoede geld.  Is dit 18 jaar of is dit 21 jaar? Die Children's Act sal hierdie onduidelikheid opklaar. Wat betref toerekeningsvatbaarheid is 'n kind onder 7 jaar nie toerekeningsvatbaar nie. Volgens The Child Justice Bill word 7 jaar vervang met 10 jaar, gevolglik is 'n kind onder 10 jaar dus ontoerekeningsvatbaar. (Sien hoofstuk 5 vir wysiging ten opsigte van meerderjarigheidsouderdom).

'n Delikpleger se gedrag word normaalweg as onregmatig beskou vir die vereistes van deliktuele aanspreeklikheid indien sekere regserkende regte (subjektiewe regte) as gevolg van die optrede van die delikpleger aangetas word en die optrede nie geregverdig kan word nie; en ook indien 'n regsplig om op te tree sonder enige regverdiging verbreek word. Laasgenoemde (regsplig om op te tree), is nie ter sprake by die aanspreeklikheid van die boelie nie, maar respondente C, D en E is dit eens dat die subjektiewe regte van die slagoffer deur treitering aangetas word. Respondent D is van mening dat (teen die agtergrond van die skade (gevolge) van treitering wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is) byna elke denkbare persoonlikheidsreg van die slagoffer deur treitering aangetas kan word. Saaklike regte van die slagoffer word ook deur treitering aangetas. Respondent E stem saam met respondent D en meld ook persoonlikheidsregte soos die slagoffer se reg op fisiese integriteit, die slagoffer se goeie naam, sy menswaardigheid, sy privaatheid. Die slagoffer se saaklike regte word ook deur treitering aangetas byvoorbeeld waar die boelie die slagoffer se eiendom afneem of beskadig. Respondent D sonder persoonlikheidsregte uit as die regte wat die meeste deur treitering geskend word.

Respondent C sonder die aantasting van liggaamlike integriteit deur treitering uit as die subjektiewe reg wat die maklikste is om in 'n hof te bewys – byvoorbeeld waar die slagoffer sy oog verloor het as gevolg van die feit dat die boelie hom met 'n krammetjie in die oog geskiet het. Die skade kan bewys word en skadevergoeding kan teen die boelie ingestel word. Psigologiese skade is egter moeilik om te bewys.

#### 4.5.5 **Die provokatiewe slagoffer en onregmatigheid**

Volgens respondent D kan onregmatigheid uitgeskakel word aan die kant van die boelie as die slagoffer die boelie uitdaag of tart. Provokasie is die uittarting of uitlokking deur woorde of gedrag tot skadeveroorsakende optrede. Provokasie is 'n volkome verweer in die sin dat die eiser (slagoffer) wat die verweerder (boelie) geprovokeer het, sy reg verbeur om genoegdoening weens persoonlikheidskrenking te verhaal. Provokasie is 'n regverdigingsgrond wat die verweerder se optrede regmatig maak. Provokasie geld as verweer by die aantasting van verskillende persoonliksheidsgoedere byvoorbeeld die eergevoel, die goeie naam en die fisiese integriteit. Respondent D wys daarop dat medewerkende skuld nie met provokasie as regverdigingsgrond wat die verweerder (boelie) se optrede regmatig maak, verwar moet word nie. (Die vraag of provokasie deur die provokatiewe slagoffer as regverdigingsgrond kan dien om onregmatigheid aan die kant van die boelie uit te skakel, word bespreek onder 5.4.2.1(b) ).

#### 4.5.6 **Die deliktereg en die skade (nadeel) wat die gevolg is van treitering**

Volgens respondent D maak die Suid-Afrikaanse reg voorsiening vir vermoënskade en nie-vermoënskade (persoonlikheidsnadeel). Die tipes skade wat die slagoffer van treitering toegevoeg kan word is fisiese skade; psigologiese skade; sosiale skade asook opvoedkundige skade (sien hoofstuk 2 – die gevolge van treitering). Fisiese skade en psigologiese skade kan onder vermoënskade en persoonlikheidsnadeel hanteer word, maar die Suid-Afrikaanse deliktereg en die skadevergoedingsreg maak nie in hierdie stadium voorsiening vir sosiale skade en opvoedkundige skade as gevolg van treitering nie. Die enigste manier hoe respondent D sosiale nadeel as gevolg van treitering met die deliktereg (persoonlikheidsnadeel) kan verbind is wanneer die slagoffer se goeie naam (reputasie) daal. Die toets is of die slagoffer se aansien volgens die opvatting van die redelike persoon gedaal het as gevolg van die sosiale treitering. Volgens respondent

D is dit op dieselfde terrein as laster. Soos reeds gemeld, maak die Suid-Afrikaanse reg nie *per se* voor-siening vir opvoedkundige skade as gevolg van treitering nie. Die enigste manier, volgens respondent D, waar opvoedkundige skade met die deliktereg verbind kan word, is wanneer dit as finansiële nadeel beskou word. Die slagoffer moet langer op skool bly en kan eers later begin verdien of die slagoffer moet meer opdok aan skoolgeld en soortgelyke uitgawes omdat hy as gevolg van die opvoedkundige skade langer op skool moet bly. Opvoedkundige skade *per se* (hy kry nie die voordeel uit die leerproses wat hy veronderstel is om te kry nie) word nie in ons reg as skade erken nie.

Wat betref psigologiese nadeel of skade (die howe praat deesdae eerder van psigiatriese of psigiese letsel) as gevolg van treitering meld respondent D dat dit psigologiese nadeel is wat uit emosionele skok voortspruit. Sien ook verwysing: *Barnard v Santam BPK* 1999 (1) SA 202 (HHA) in 5.4.2.2 waar aangedui word dat psigologiese nadeel nie net deur emosionele skok veroorsaak word nie. Die gevolge van emosionele skok word gewoonlik met pyn en lyding geassosieer, maar kan ook nadele veroorsaak soos slapeloosheid, angsneurose, histerie, depressie of ander geestelike of fisieke siektetoestande waarvoor kompensasie toegeken kan word. Hier is nie ‘n regsprobleem soos in die geval van opvoedkundige skade of sosiale skade nie, maar dit is soms moeilik om die psigologiese skade te bewys. Deskundige getuienis is hier baie belangrik.

Respondent E stem saam met die siening van respondent D, maar lê ook klem op die bakens wat die deliktereg stel – maak nie voorsiening vir skade as gevolg van sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel as gevolg van treitering nie.

Volgens respondent C is die hantering van fisiese nadeel nie ‘n probleem nie. Ook nie die beskadiging of die afneem van die slagoffer se eiendom deur die boelie nie – dit kan onder finansiële nadeel hanteer word. Respondent C deel ook respondente D en E se siening, maar verwys spesifiek na die bewysprobleem (bewyslas) ten opsigte van psigologiese skade. Die betaling van skadevergoeding vir die pyn en lyding wat deurgegaan is, is volgens respondent C nie so ‘n groot probleem nie, maar wel om die psigologiese skade op sigself te bewys. Wat betref regsaksie ten opsigte van psigologiese skade, maan respondent C teen versigtigheid. Die balans tussen wat werklik ernstig is en wat normale optrede van leerders is, moet noukeurig bepaal word.

'n Situasie waar ouers eise instel vir normale optredes teenoor hul kinders moet vermy word. Deskundige kennis is hier ook belangrik.

Respondent C is van mening dat wat betref skadevergoeding vir psigologiese skade asook skadevergoeding vir opvoedkundige skade en sosiale skade as gevolg van treitering, daar nog baie ontwikkeling nodig is wat nog baie tyd sal neem. Selfs wat betref skadevergoeding vir fisiese beserings het die howe jare geneem om riglyne daar te stel. Hy verwys ook na die kompleksiteit van 'n definisie (regsdefinisie) van treitering en treiteringwetgewing en beskou dit ook as 'n struikelblok in die ontwikkelingsproses met betrekking tot die bepaling van skade wat deur treitering veroorsaak word.

#### 4.5.7 **Die passiewe slagoffer en toestemming**

Die passiewe (tipiese slagoffer) is die slagoffer wat stil, skaam en bang is. Hierdie slagoffer kan homself nie verdedig nie en verkrummel onder die aanslag van die boelie. Volgens respondent D kan hierdie tipiese onderwerping van die passiewe slagoffer nie as toestemming gesien of vertolk word deur die boelie nie. Of toestemming in 'n gegewe geval aanwesig is, is 'n feitevraag wat bewys moet word. Indien die dader gedink het dat toestemming wel aanwesig was terwyl dit ontbreek het, tree hy steeds onregmatig op. Die reg stel bestaande vereistes waaraan regsgeldige toestemming moet voldoen. Die reg aanvaar nie maklik dat 'n persoon self toegestem het om benadeel te word nie. Toestemming moet vrylik of vrywillig gegee word. As die benadeelde (slagoffer) op die een of ander wyse gedwing word om "toe te stem" tot die benadeling is daar nie geldige toestemming aanwesig nie.

Sien ook 4.4.7 vir respondente A, B en C se menings oor die passiewe slagoffer en toestemming.

#### 4.5.8 **Die verband tussen treitering en die eierskedelreël (die *talem qualem*-reël)**

Volgens respondent D is die sogenaamde eierskedelgevalle (die *talem qualem*-reël) van toepassing by treitering waar die eiser (slagoffer) as gevolg van 'n swakheid ernstiger benadeling opgedoen het deur die boelie se optrede. Eierskedelgevalle doen hulle voor waar die eiser, as gevolg van die een of ander liggaamlike, psigiese of finansiële

swakheid, ernstiger benadeling opdoen weens die dader se optrede as wat die geval sou gewees het as die eiser nie aan so ‘n swakheid gely het nie. Die oorheersende mening is dat die dader in so ‘n geval aanspreeklik moet wees ook vir die benadeling wat aan die aanwesigheid van die betrokke swakheid toegeskryf kan word – hierdie beginsel word in die spreuk “you must take your victim as you find him” weerspieël.

Dit mag wees dat die slagoffer wat deur die boelie geteiken word ‘n fisiese of ‘n psigiese swakheid het. In terme van die eierskedelreël is hierdie slagoffer meer vatbaar vir skade as die gemiddelde leerder in dieselfde omstandighede, maar die boelie is ook aanspreeklik vir die benadeling as gevolg van die swakhede van die slagoffer. Respondent D beklemtoon die feit dat die benadering nie kan wees dat hierdie slagoffer meer vatbaar is vir benadeling as die gemiddelde leerder en eintlik veronderstel is om sterker te wees nie. Die kern van die saak is hoe die slagoffer die treitering ervaar het, watter invloed dit op die slagoffer gehad het.

### 4.5.9 Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat voor en na skoolure plaasvind

Volgens respondent D gaan dit primêr oor die feit dat as die skool leerders op die skoolterrein toelaat die skool ‘n verantwoordelikheid het. As die skool nie aanspreeklikheid wil opdoen nie, moet hulle nie leerders daar toelaat voor en na skoolure nie. As die skool dus leerders op die skoolterrein toelaat, word redelike stappe verwag. Dit is nie redelik om van ‘n skool te verwag om vanaf byvoorbeeld sesuur in die oggend toesig te reël vir leerders wat vroeg afgelaai word nie. Die skool is primêr ‘n plek vir opvoedkundige aktiwiteite – nie ‘n plek om leerders op te pas nie. Dit sou dus redelik wees om toesig te reël vanaf ‘n spesifieke tyd in die oggend en dit so aan die ouers te kommunikeer. Dieselfde prosedure geld vir nadat die skool in die middag gesluit het.

Respondent C stem saam met respondent D dat as die treitering op die skoolterrein plaasvind die skool aanspreeklik is. Respondent C beklemtoon ook die belangrikheid van kommunikasie met die ouers ten opsigte van wanneer toesig begin en wanneer toesig eindig. Die ouer moet ook ingelig wees dat dit ‘n risiko is indien hy die leerder vroeër aflaai of later oplaai.

#### 4.5.10 **Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van treitering wat buite die skoolterrein plaasvind**

Respondente C en D is dit eens dat die skool nie aanspreeklik is vir treitering wat buite die skoolterrein plaasvind nie. Die uitsondering is egter treitering tydens ‘n skoolgesanksioneerde byeenkoms wat buite die skoolterrein plaasvind of treitering op ‘n voertuig (bus) wat deur die skool gebruik word – met ander woorde waar die skool verantwoordelik is vir toesig omdat dit gesanksioneer is deur die skool.
Dit gebeur ook soms dat ‘n boelie van sy tuisrekenaar gebruik maak om die slagoffer te benadeel waar die slagoffer die negatiewe inligting ontvang via die skoolrekenaar. Respondent D is van mening dat die skool nie vir treitering wat op hierdie manier plaasvind aanspreeklik gehou kan word nie. Hy vergelyk dit met iemand wat buite die skoolterrein is en iemand binne die skoolterrein skiet. Dis nie moontlik dat die skool dit kon verhoed het nie.

#### 4.5.11 **Aanspreeklikheid vir skade as gevolg van kubertreitering**

Volgens respondent A, kan die boelie deur middel van ‘n SMS (selfoon) of e-pos (rekenaar) die slagoffer intimideer. Dit is ook moontlik dat kubertreitering (selfoon en rekenaar) *crimen injuria* kan wees, byvoorbeeld waar die boelie kaal foto’s van ‘n meisie bekendstel.

Respondent C benadruk die feit dat die SMS en die rekenaar dit vir die boelie makliker maak om die slagoffer te benadeel. Hy lê klem op die volgende fasette van kubertreitering:

- Dit kan vinnig en oor ‘n afstand gestuur word.

- Dit is “makliker” vir die boelie, want die slagoffer sien nie die boelie van aangesig tot aangesig nie.

- Weens die afstand is ‘n gevoel van “verkeerd optree” nie so sterk by die boelie nie en die treitering raak al hoe meer gewaagd.

- ‘n Tendens van teenkanting en afkeuring is besig om in die gemeenskap en skoolgemeenskap te ontwikkel ten opsigte van kubertreitering.

Respondent C is van mening dat daar ‘n plig op die skool rus om maatreëls in te stel dat ‘n leerder wat op ‘n skoolrekenaar werk nie blootgestel word aan die sensitiwiteit van kubertreitering nie.

4.5.12 **Die interdik as remedie vir treitering**

Respondent D is van mening dat die interdik (regsmiddel om ‘n dreigende onregmatige daad af te weer) deur die skool asook deur die slagoffer en sy ouers gebruik kan word om treitering te hanteer. Respondent G sluit hierby aan en lê veral klem op die interdik om skending van die slagoffer se regte deur treitering te verhoed. Volgens respondent G kan die hof ‘n interdik toestaan om te verseker dat die boelie verbied word om naby sy slagoffer te kom en sodoende verhoed word om die slagoffer se regte verder te skend.

4.5.13 **Die wenslikheid van ‘n voorgeskrewe prosedure waarvolgens die ouer van ‘n slagoffer treitering aanmeld**

Respondent D is nie ‘n voorstander van ‘n formele streng prosedure nie. ‘n Ouer van ‘n slagoffer is nie gebind aan ‘n spesifieke prosedure nie – die ouer kan in elk geval die saak aanhangig maak op ‘n manier wat hy verkies en by ‘n persoon van sy keuse. Die ouers van ‘n skool behoort in kennis gestel te word dat daar ‘n spesifieke verantwoordelike persoon is by wie hulle treitering kan rapporteer. Dit is wenslik dat die opvoeder wat aangewys word ‘n verantwoordelike posisie beklee soos byvoorbeeld ‘n adjunk-hoof. Die skool moet die boodskap uitstuur dat hulle oop is om klagtes oor treitering te ontvang, dat dit behoorlike aandag sal geniet en dat dit nie toegesmeer sal word nie. Inligting is soms baie vertroulik en persoonlik en dit kan nie verwag word dat ‘n vormpie ingevul moet word of die inligting dadelik op skrif gesit moet word nie. Ouers, asook leerders, moet die versekering hê dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. ‘n Moeilike taak wat die skool het, is om te onderskei tussen beuselagtige klagtes en ernstige klagtes wat aangemeld word.

Respondent E glo dat die skool ‘n rapporteringsbeleid vir treitering kan implementeer, maar die ouers het nog steeds die reg om direk ‘n prokureur te raadpleeg of om die saak direk by die onderwysdepartement te rapporteer. Respondent E glo die ernstigheid van die treitering sal die ouers lei om te bepaal hoe hulle te werk wil gaan. Indien treitering byvoorbeeld die vorm aanneem van minder ernstige tergery, sal hulle moontlik die skool in kennis stel. Indien dit ernstig is en gelei het tot ernstige fisiese skade behoort die ouer ‘n prokureur te raadpleeg en te dagvaar.

Respondent C glo dat die omvang van die probleem sal bepaal hoe gestruktureerd ‘n skool te werk sal moet gaan. As gevolg van die feit dat die omvang van rapportering van treitering in Suid-Afrika nog nie so groot is nie is daar nog nie werklik aandag gegee aan ‘n gestruktureerde rapporteringsbeleid nie. Respondent C is van mening dat die instelling van ‘n gestruktureerde rapporteringsbeleid in beginsel ‘n goeie benadering is, maar hy beklemtoon die volgende:

- Die beste belang van die kind bly die belangrikste prioriteit – al is ‘n voorgeskrewe rapporteringsbeleid nie nagekom nie, moet die klag nog steeds hanteer word sodat die slagoffer nie benadeel word nie.

- Die prosedure moet die onkundige ouer nie benadeel om skade te verhaal nie en so ook die slagoffer (leerder) verder benadeel nie.

- Die rapporteringsprosedure moet nie frustrasie veroorsaak nie – dit moet nie ‘n euwel skep deur die aanspreek van die euwel nie.

4.5.14 **Maatreëls deur die skool om deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van treitering te beperk**

Respondente A, B, C, D, E en F identifiseer die volgende maatreëls wat ‘n belangrike bydrae kan lewer om deliktuele aanspreeklikheid te beperk:

- Die skool moet vasstel of treitering in die skool plaasvind en wat die tendense is.

- Die skool moet redelike stappe doen om inligting te kry oor die treitering wat in die skool plaasvind en so op hoogte bly van die omvang van die treitering.

- Leerders en slagoffers moet aangemoedig word om treitering betyds te rapporteer. Vertroulikheid moet gewaarborg word en die beskerming en veiligheid van die wat klagtes lê, moet gewaarborg word.

- Elke treiteringsaak wat aangemeld word, moet deeglik ondersoek word. Die skuldige (boelie) moet gepas gestraf word – dit moet dien as voorbeeld vir ander. Inligting kan selfs bekend gemaak word sodat die leerders weet dat treitering ondersoek word en boelies gestraf word.

- Voorkomingsprosedures en voorkomingsprogramme moet ingestel word teen treitering soos byvoorbeeld die aanleer van 'n waardestelsel wat deel word van die skoolkultuur en die instel van tydperke wat afgestaan word aan veldtogte teen treitering.

- Die verhoging van kwaliteittoesig, nie deur leerders nie, maar wel deur gebruik te maak van ouers – hoewel dit ook 'n risiko kan inhou indien ongewenste persone (ouers) aan die leerders blootgestel sou word.

- Die aanspreek van treitering (beide die slagoffer en die boelie) deur gebruik te maak van sielkundiges en beraders wat die situasie professioneel hanteer en stigmatisering beperk. Die klem moet wees op regstelling en nie op bestraffing nie.

- Die hantering van treitering deur gebruik te maak van die gedragskode vir leerders. Die gedragskode en treiteringbeleid moet 'n ineengeskakelde pakket wees – die beleid moet met ander woorde uitgeleef word (geïmplementeer word) deur middel van die gedragskode.

- Die meeste treiteringbeleide en skoolveiligheidsbeleide in Suid-Afrika is ontoereikend. Dit moet aangepas word op grond van resente navorsing oor treitering.

Baie vorme van treitering word nog in Suid-Afrika beskou as deel van die grootwordproses.

- Die strafreg, asook die helende reg, kan gebruik word om treitering te hanteer en te bestuur. Die strafregopsie moet uiteraard oorweeg word of is in elke geval toepaslik waar treitering figureer as ernstige misdaad soos in die geval van byvoorbeeld verkragting, aanranding, strafbare manslag en *crimen injuria*.

- ‘n Interdik kan gebruik word om treitering te voorkom in ‘n geval van dreigende regskending. Die interdik kan die boelie verbied om naby die slagoffer te kom en so kan verhoed word dat die boelie die slagoffer se regte verder skend.

## 4.6 AFSLUITING

Soos in hoofstuk een vermeld, vorm die inhoud van hierdie hoofstuk (die response van en bevindinge deur die respondente) die basis waarop hoofsuk vyf gegrond is. Die implikasies vir die onderwys en onderwysreg, soos hierna in hoofstuk 5 beskryf word, is dus hoofsaaklik gegrond op die inhoud van hoofstuk 4, maar word ook aangevul en uitgebrei deur ryk beskrywing en die gebruik van veelvuldige bronne.